

Inhoud Preek Paasfees. Jesus se eie bedoeling en beplanning. Opstanding. Hierdie preek wys dat Jesus se eie bedoeling, beplanning en uitvoering was om Homself die Christus te maak. Niemand het hom hierin erken of ondersteun nie. Almal het Hom in sy eie bedoeling, beplanning en uitvoering verlaat, verwerp, verloën en teengegaan volgens hulle eie verwagtings van hoe die Christus moes wees. Jesus is God wat self die Christus is. Daarom beskik hy om die Christus te wees deur sy dood en opstanding. Wie Jesus Christus self bedoel, beplan en uitgevoer het om te wees vir Hy is, raak vandag verlore vir die kerk deur opgemaakte geestelike seremonies en stories waarmee geestelikes maak of hulle met deernis en ondersteuning Jesus se lyding met hom meemaak en Hom uit die dood herleef. ds. Petrus Kriel

Skriflesing Jes. 52: 13 – 15, 53: 1 – 12; Mat. 28: 16 – 20; Lukas 24: 25, 26, 45 – 48.

Teks Luk 24: 25 – 26: “Glo julle dan nie al die dinge wat die profete gesê het nie? Moes die Christus nie hierdie ly om in sy heerlijkheid in te gaan nie.”

Tema Jesus het sy eie dood en opstanding alleen bedoel, beplan en uitgevoer omdat Hy as God die Christus is.

1. Ons word in die lydingstyd van die Here, waarvan vanoggend die hoogtepunt, is oorval met kerklike seremonies en stories oor Jesus. Met hierdie seremonies en stories lees elke mens iets geestelikes in Jesus se lyding en opstanding in om een of ander morele les van of geestelike ervaring met God te propageer.

Tussen al hierdie geestelike feestelikheid raak dit wat Jesus Christus self met hierdie naweek bedoel het, self beplan het en self uitgevoer het, vir ons verlore.

Daarom gaan ons vanoggend uit die Woord van God kyk na wat Jesus se eie bedoeling met, beplanning vir en uitvoering deur Homself was met hierdie naweek. Die getuienis van al vier die evangelies is dat Jesus in sy bedoeling beplanning en uitvoering vir hierdie naweek heeltemal alleen was en deur almal óf daarin teengestaan óf geminag is.

Nie een dissipel, of enige ander mens, het tot en met sy verskyning op Sondagaand na sy dood Vrydagmiddag, ooit enige begrip vir sy bedoeling, enige ondersteun vir sy plan gehad of enige sameweking gegee in sy uitvoering van sy plan nie.

2. Christus som hierdie onbegrip en traagheid van almal om te glo in wie Hy is en wat Hy doen op, in sy aanspreek van die Emmausgangers se verduideliking oor wat volgens hulle oor die week tot en met Paassondag in Jerusalem sou gebeur het: “Toe sê Hy vir hulle: “Wat ’n gebrek aan begrip en wat ’n traagheid van gees! Glo julle

Jesus het sy eie dood en opstanding alleen bedoel, beplan en uitgevoer omdat Hy as God die Christus is.

dan nie al die dinge wat die profete gesê het nie? Moes die Christus nie hierdie dinge ly om in sy heerlijkheid in te gaan nie.” (Luk. 24: 25, 26)

Hierdie woorde van die Here som sy volle bedoeling, al sy beplanning en elke daad waarmee Hy uitvoering aan sy bedoeling en beplanning gegee het op! Hierdie woord gaan oor wie Jesus self wou wees, nie wie mense Hom wou laat wees of vandag maak nie.

Ons moet onthou dat van Jesus se doop tot en met sy dood en opstanding op Paasnaweek, was net drie jaar gewees. Wat hy in hierdie drie jaar gedoen het, het Hy vooraf vir Homself volledig beplan en uitgewerk. Elke getuigenis van elke evangelis wys dat van sy doop, tot en met sy dood en opstanding, die Here met een vaste bedoeling, duidelike beplanning en beslisde uitvoering van sy doel en plan besig was: Hy was besig om die mag te verkry om vir God se volk die Christus, die Messias te wees.

Christus noem dit aan die Emmausgangers: “om in sy heerlijkheid in te gaan.” Jesus was niemand se martelaar, slagoffer, smartvraat, voorbeeld vir ’n mooi en selflose lewe, ’n liefdevolle mens wat net ware liefde onder geweld wil kom uitleef, ’n aktivis vir God se saak of ’n ghoeroe wat nuwe geestelike ervarings met God kom oopmaak het vir ander mense nie.

Van sy doop af het hy berekend alles gedoen om alleen die mag te kry, om alleen die Christus te wees. Dit verklaar die Here in Mat. 28: 18 “Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde.” Hierdie mag is om die Seun van Dawid, die Christus te wees, volgens die Dawidsbelofte in 2 Sam. 7: 11-

2. Kom ons kyk hoe Christus hierdie magsposisie van die begin af bedoel, beplan en uitgevoer het!

Toe Jesus ’n twaalfjarige tiener was, het hy al met ’n Paasfees aan sy ouers verklaar dat Hy weet Hy is die Christus en Homself as die Christus sien in die woorde: “Het u nie geweet dat Ek in die huis van my Vader moet wees nie?” (Luk. 2: 49) Volgens die Skrifte het Hy hier Homself as die Christus, Seun van Dawid en die Seun van God verklaar volgens 2 Sam. 7: 11 –

Toe die Here 30 jaar oud was (Luk. 3: 23), het Hy van Galilea gegaan om deur Johannes die Doper gedoop te word. Dit was die begin van die uitvoering van Jesus se eie bedoeling en beplanning hoe om die Christus te wees. In en deur sy doop het Hy Homself openlik as die Christus bekend gestel en gewys hoe Hy volgens sy eie bedoeling en beplanning die Christus gaan wees – om self die gedoopte Een te wees in die plek van sondaars, die Een wat hulle sondes gaan dra volgens die belofte van die Christus in Jes. 53: 5 “Oor ons oortredings is hy deurboor, oor ons sondes is hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede moes bring was op hom, deur

Jesus het sy eie dood en opstanding alleen bedoel, beplan en uitgevoer omdat Hy as God die Christus is.

sý wonde het daar genesing gekom.” Deur sy doop het Jesus bedoel en beplan om die Christus te wees wat deur sy lyding sondaars se straf en oordeel sal wegneem.

In die Here se eie gemoed, bedoeling en beplanning was sy doop die bekendmaking van sy vervulling om die Messias, die Christus, volgens Jesaja 53 te wees.

3. Amper die helfte van elkeen van die vier evangelies, gaan oor Jesus se reis vanaf Galilea na die Paasfees waar hy gesterf en uit die dood uit opgestaan het.

Dit was eers kort voor Jesus se reis na Jerusalem om te sterf, dat Hy sy dissipels vir die eerste keer gekonfronteer het oor wie glo hulle is Hy. Petrus het namens almal bely dat hulle glo Hy is die Christus, die Seun van die lewende God, volgens die Dawidsbelofte van 2 Sam. 7: 11 – .

Na hulle aanvaarding dat Hy die Christus is, het die Here volgens die 3 sinoptiese evangelies openlik aan hulle stel, en dit ook aan hulle verduidelik, hoe Hy sy doel sien, wat sy beplanning is en hoe Hy dit gaan uitvoer om die Christus te wees volgens die Dawidsbelofte.

Hy gaan Jerusalem toe met Paasfees om oorgelewer te word deur en te ly onder die familiehoofde, die priesterhoofde en die skrifgeleerdes, om gespot te word, geïgnoreer, gekruisig te word en doodgemaak te word sodat Hy op die Sondagoggend, die derde dag na Paasfees dan uit die dood uit op te staan. (Mat. 16:21, 17: 22, 20: 17 -19)

4. Dit was die Here Jesus se bedoeling en beplanning vir Homself gewees, weer volgens sy kennis van wie Hy as Christus moet wees en wat Hy as Christus gaan doen volgens Jesaja 53. Sy bespotting en minagting was volgens die Here self die vervulling van Jes. 53: 3: “Hy was verag en en deur die mense verstoot, ’n man van lyding wat pyn geken het, iemand vir wie die mense die gesig wegdraai. Hy was verag, ons het hom nie gereken nie.”

Sy opstanding uit die dood het die Here bedoel en beplan volgens Jesaja 53: 11 en 12: “Na sy bitter lyding sal hy weer die lig sien en hy sal die Here ken. ... Daarom sal ek hom ’n ereplek gee onder die grotes. Hy sal saam met magtiges die oorwinning vier omdat hy hom in die dood oorgegee het en as misdadiger beskou is, ...”

Jesus het sy eie dood en opstanding volgens die profesie van Jesaja 53 as die bedoeling gesien van hoe hy die Messias moet wees en het dit so beplan vir die Paasnaweek.

5. Watter mag het Jesus bedoel en beplan om hierdeur vir Homself te verkry?

Jesus het sy eie dood en opstanding alleen bedoel, beplan en uitgevoer omdat Hy as God die Christus is.

Jesus het dit ook openlik aangekondig op 'n Sabbatdag na sy doop in die sinagoge van Nasaret. Hy het Jesaja 61 doelbewus ge lees: “Die Gees van die Here is op My omdat Hy My salf om die evangelie aan armes te verkondig. Hy het My gestuur om vrylating vir gevangenes uit te roep en herstel van gesig vir blindes, om onderdruktes in vryheid uit te stuur, om die genadejaar van die Here aan te kondig.” (Luk. 4: 18, 19)

Jesus het vir hulle verduidelik dat Hy die gesalfde, die Messias, die Christus is wat dit nou gaan doen. Hy gaan die genadetyd vir sondaars begin. Dit is ook volgens Jesaja 53: “Hy is gestraf oor die sonde van my volk. Hy het 'n graf gekry by goddeloses, hy was by sondaars in die dood al het hy geen misdaad gepleeg nie. Dit was die wil van die Here om hom te verbysel, om hom die pyn te laat ly.

Hoekom? Jesaja beantwoord dit so in Jesaja 53: “My dienaar, die regverdige, sal baie mense regverdig maak: hy sal die straf vir hulle sonde dra.”

Christus se doel was om die Christus te wees wat die Abrahamsbelofte volgens Eseg. 36: 24 – en Jeremia 31: 31 – vir sondaars waar te maak! Hy het die Gees ontvang om hulle regverdig vir God se liefde te maak deur hulle straf op hom te neem.

Jesus het dit beplan en bedoel om met sy lyding, kruisiging, dood en opstanding, hierdie mag as die Christus te kry en uit te oefen. Dit is die heerlijkheid wat Hy verwag het na sy dood. Daarom het hy na sy opstanding verklaar: “Ek is met julle al die dae tot die voleinding” (Mat. 28: 20), wat beteken Hy is nou God met ons as geregtigdes deur sy strafdoods; het Hy sy dissipels se oë oopgemaak om die evangelie van sy dood en opstanding te aanvaar as die wyse waarop Hy sondaars vergewe (Luk. 24: 45) en het Hy oor hulle geblaas as teken dat hulle die Gees van die genadetyd, die vervulling van die Abrahamsbelofte, ontvang. (Joh. 20:22)

Jesus se hele bedoeling en beplanning was om hierdie mag te verkry en uit te oefen deur sy dood en opstanding!

6. Wat Jesus vir hierdie naweek bedoel en beplan het, het hy berekend uitgevoer!

Met sy intog in Jerusalem het Hy doelbewus 'n donkie gekies om te wys Hy is die nederige en onaansienlike Christus soos onder andere Jes. 53: 2 dit ook stel. “Hy het nie skoonheid of prag gehad dat ons na hom sou kyk nie, nie die voorkoms dat ons van hom sou hou nie.”

Hy het openlik die tempeldiens simbolies beëindig om te wys wat Hy nou in hierdie die dae gaan doen, maak 'n einde aan die tempel as seremoniële plek en al die seremonies in die tempel. Wie Hy is en wat Hy in hierdie drie dae gaan doen, om te ly, gekruisig te word, te sterf, begrawe te word en uit die dood uit op te staan, vervul

Jesus het sy eie dood en opstanding alleen bedoel, beplan en uitgevoer omdat Hy as God die Christus is.

al die seremonies, maar maak ook sommer terselfdertyd 'n einde aan die afgodsdienste wat die Jode met die seremonies bedryf het. (Joh. 2: 13 – 21)

Jesus het self die Paasweek uitgekies as die tyd vir sy dood en opstanding. Hy het dit só aan sy dissipels aangekondig: “Julle weet dat dit oor twee dae Paasfees is. Dan word die Seun van die mens oorgelewer om gekruisig te word.” (Mat. 26: 1) Wat Hy hulle voor die tyd oor Homself geleer het, het Hy nou self die tyd voor bepaal. Jesus stel die nagmaal as teken van hoe Hy die mag gekry het om die Christus te wees, in en beëindig alles wat op die Paasfees gevier was. Hy doen dit berekend vir wat Hy met sy dood en opstanding gaan bereik as Christus.

Jesus self gee vir Judas die oomblik om Hom te verraaai deur sy hand saam met Judas in die skottel te steek (Mat. 26: 23), verklaar dat sy dissipels Hom gaan verlaat en verloën omdat Hy dit so beplan (Mat. 26: 31), keer sy dissipels om met geweld sy lyding en dood te keer (Mat. 26:52), verklaar openlik dat Hy self God is, en gee so self die enigste rede is vir die besluit dat Hy gekruisig moet word omdat die Joodse Raad nie 'n behoorlike rede kon kry om hom ter dood te veroordeel nie. (Mat. 26: 64), weier Hy om Homself te verdedig teen Pilatus omdat Hy besluit het Hy is die lam wat nie kla nie, volgens Jes. 53: 7, en bid Hy vir oortreders aan die kruis volgens Jes. 53: 12 in die kruiswoorde “Vader, vergeef hulle want hulle weet nie wat hulle doen nie.” (Luk. 23: 34)

Jesus het berekend opgetree om te sorg dat Hy gevange geneem word, oorgelewer word en gekruisig te word om te sterf.

Daarom verklaar Hy met volmag met 'n aanhaling van Ps. 22 wanneer Hy sterf: “My God, my God waarom het U My verlaat.” Jesus het wat in Ps. 22 deur Dawid verwoord is gesien as die bedoeling van sy lyding en dood: Hy het 'n graf gekry by goddeloses, Hy was by sonde in sy dood al het Hy geen misdaad gepleeg nie. Jes. (53: 9)

7. Jesus het alleen sy eie dood en opstanding bedoel, beplan en uitgevoer. Dit het Hy met die innerlike oortuiging en wete gedoen van wie Hy as Seun van Dawid en Seun van die Vader volgens die Dawidsbelofte is volgens Jesaja 53: 1: “Wie sal ons glo as ons hiervan vertel? Wie sal die mag van die Here hierin raaksien?

Niemand het die mag van Christus raakgesien in wat Hy bedoel, beplan en uitgevoer het nie! Nie een dissipel van die Here nie!

In die persoon van Petrus het hulle die Here skerp aangespreek om sy bedoeling en beplanning om te wil sterf en uit die dood uit op te staan, as teen die bedoeling en wil van God: “Mag God dit verhoed Here, dit sal beslis nie met U gebeur nie. (Mat. 16: 21) Toe die Here met sy tweede lydingsaankondiging volhard het in sy bedoeling en beplanning om dood te gaan en uit die dood uit op te staan, het hulle begin stry

Jesus het sy eie dood en opstanding alleen bedoel, beplan en uitgevoer omdat Hy as God die Christus is.

met mekaar oor wie die belangrikste is in God se koninkryk (Mat. 18: 1- 5), wat beteken hulle begin stry oor wie Jesus as die Christus gaan opvolg. Toe Jesus dit die derde keer aangekondig het, het die broers Johannes en Jakobus Jesus openlik gevra of Hy hulle twee nie as sy opvolgers om die Christus na Hom te wees, wil aanwys nie. (Mat. 20: 20 – 28) Toe Jesus vir hulle gevra het of hulle soos Hy vir sondaars kan gestraf word en ly, het hulle Hom geantwoord hulle kan sy beker drink en gedoop wees soos Hy gedoop is. (Mark. 10: 38.39) Hulle het hulself soos elke ander dissipels gesien as mense wie die mag van die Christus kan deel en later, wanneer Hy weg is, kan oorneem.

Jesus se bedoeling en beplanning oor hoe Hy alleen die Christus gaan wees, het hulle nooit geglo en aanvaar nie, tot en met sy opstanding uit die dood. Daarom het hulle Hom alleen gelos en geslaap in die finale oomblik waarin Hy sy dood en opstanding aanvaar het in die tuin van Getsemane. Toe Hy hulle keer om met geweld sy doel en plan op te gee in sy gevangeneming, het hulle Hom verloën en verlaat.

Hulle kon nie 'n Christus aanvaar wat glo Hy moet sterf en uit die dood uit opstaan nie. Vir die Here was hulle ongeloof die vervulling van die belofte dat God die Vader self sy Seun alleen sal laat sterf om alleen die mag as die Christus te kry volgens Sagaria 13: 7 (Mat. 26:31)

8. Dit was nie net die dissipels wat Jesus wou keer om die Christus te wees nie!

Die hele Joodse Raad wou keer dat Jesus die Christus word.

Hulle het geweet dat hy nie die Christus is wat op die troon van Moses wil sit nie. (Mat. 23:1) Jesus het alles wat hulle oor die Christus geglo en verwag het verwerp. Dit het hulle geweet uit drie jaar se gesprekke waarin Hy hulle verwagting van die Christus as vals ontbloom het. Hulle verwagting dat die Christus die wet van God die mag gaan maak waardeur die Christus alle nasies aan gaan onderwerp met hulle as die bemaagtigde leiers wat sy mag sal afdwing, het Christus verwerp. Hy het Homself teenoor hulle gestel as die Christus wat deur sy dood en opstanding sondaars sal vergewe.

Daarom het hulle 'n raadsbesluit geneem om Jesus volgens die wet van Moses dood te maak. Hulle het besluit om Hom na die Paasfees gevange te neem en dood te maak. Hulle wou daarmee 'n Messiaanse volksofstand keer wat die Romeine kon laat besluit het om die tempel af te breek. (Mat. 26: 4)

Pilatus as die man met die mag om te besluit of Jesus gekruisig moes word, het al sy mag gebruik om te keer dat Hy Jesus aan die mag van die Jode moes oorgee. Hy wou Jesus vrylaat. (Joh. 18, 19) Die Romeine het die Messias verwagting van die Jode geken. Pilatus wou nie Jesus onskuldig doodmaak net omdat die Jode hom nie

Jesus het sy eie dood en opstanding alleen bedoel, beplan en uitgevoer omdat Hy as God die Christus is.

as Messias wou aanvaar nie. Hy het geweet dit sou net soos voorheen met die Joodse oorloë weer 'n Messiaanse opstand tot gevolg hê wat hulle weer met oorlog sou moes onderdruk.

9. Hoe kon Jesus sy bedoeling en sy beplanning om die Christus te wees, wat moet sterf om die sondestraf van sondaars te dra, met die doel om uit die dood op te staan om sondaars regverdig te maak, volgens Jes. 53: 5, terwyl nie een dissipel Hom hiervoor geglo, bygestaan of ondersteun het nie, al het Hy hulle nog steeds as sy dissipels aanvaar? Terwyl die hele Joodse Raad besluit het om Hom nie op die Paasfees dood te maak nie en Pilatus Hom ook nie wou dood maak nie?

Hoe kon Hy met al hierdie teenkanting teen en verwerping van Hom, met sy bedoeling, beplanning en uitvoering aanhou?

En net voor u weer een of ander sielkundige, politieke, ideologiese of geestelike antwoord kan gee moet u dit werklike probleem van Jesus se bedoeling, beplanning en uitvoering van sy wil om die mag te verkry om die Christus te wees, soos Hy die Christus wil wees, antwoord! Hoe kon Hy sy opstanding as mens uit die dood, om drie dae na sy dood weer lewend mens van vleis en bloed te wees na sy beplande lyding, kruisiging en dood, bedoel, beplan en uitvoer?

Daar is net aan antwoord, volgens alle getuienisse, omdat Hy geweet het dat Hy God is! God het die Christus kom word soos God al die tyd openbaar het hoe Hy self sy volk se Verlosser sal wees! Hy het geweet Hy is God met sy volk en sal deur die krag van sy godheid as mens self uit die dood opstaan!

God het as Christus vir Homself die mag geskep om sondaars te regverdig deur self die straf van hul sondes op Hom te neem. Daarom het Jesus Homself reeds voor sy dood en opstanding aan die Jode so as God openbaar: "Dit verseker Ek julle: Voordat Abraham gebore is, was Ek al wat Ek is." (Joh. 8: 58) Hy het geweet Hy is die God wat hom aan Moses só openbaar het.

Dit is die volmag waarmee Christus se eie dood en opstanding deur sy dissipels se ongelooft, verlating en verwerping uitgevoer het; ten spyte van die Joodse Raad se besluit om hom nie op die fees dood te maak en Pilatus se poging om Hom nie onskuldig dood te maak, deur gevoer het – Hy het dit met sy volmag as God so beskik!

10. Dit is waarvoor Paasfees ons stel! Glo ons God is self die Christus wat sy eie dood en opstanding bedoel, beplan en uitgevoer het deur sy mag waarmee Hy as God alles volgens sy wil beskik?

Selfs met sy verskyning as mens kon die Emmausgangers en sy dissipels nog steeds nie glo dat God self die Christus is wat gekruisig moes word en uit die dood

Jesus het sy eie dood en opstanding alleen bedoel, beplan en uitgevoer omdat Hy as God die Christus is.

uit moes opstaan om die mag te hê om as God sondaars regverdig te maak, wie nie regverdig leef en nie te straf terwyl hulle gestraf moet word!

In die evangelie Lukas verduidelik Jesus as die Here wat uit die dood uit opgetaan het aan hulle en sy dissipels weer wat Hy voor sy dood aan hulle verduidelik het: “Moes die Christus nie hierdie dinge ly om in sy heerlijkheid in te gaan nie? Daarna het Hy by Moses en al die profete begin en al die Skrifuitsprake wat op Hom betrekking het vir hulle uitgelê?” (Luk. 24: 26. 27) en “Toe open Hy hulle verstand om die Skrif te verstaan. Verder sê Hy vir hulle: “so staan daar geskrywe: “Die Christus moet ly en op de derde dag uit die dood opstaan en in sy Naam moet bekering en vergewing van sondes aan al die nasies verkondig word, van Jerusalem af en verder.” (Luk. 24: 45 – 47)

Paasfees is die tyd waarin Jesus die mag geskep het om as God self die Christus te wees. Dit het hy alleen gedoen om dit alleen te wees! Daardeur kan ons nou ons na God bekeer met die wete Hy maak ons regverdig en straf ons vir geen sonde nie, al leef ons nie regverdig en doen ons voortdurend sondes wat gestraf moes geword het.

Ons kan ons in die geloof tot God keer dat hyself deur sy dood en opstanding as mens uit die dood vandag vir ons die Christus is wat ons vir sy liefde regverdig maak en alle straf en lyding vir ons sondes weggeneem het vir altyd. Jesus Christus is God met ons! (Mat. 28: 20) Dit is wie Hy self bedoel en beplan het om te wees en dit uitgevoer het deur sy beskikkende mag as God.

12. In baie en eintlik die meeste feestelikheid van Paasfees raak Jesus soos Hy Homself was en vandag is, vir ons verlore!

Nes sy dissipels hom vir wie Hy bedoel, beplan en beskik het om te wees, Hom teengestaan, verlaat en verloën het, nes die Joodse raad hom uit die weg moes ruim vir die tipe Christus wat hulle wou hê, word Christus vandag met stories en seremonies as 'n Christus vir elkeen se voorkeur en smaak opgemaak!

Die diepste verraad in die kerk lê vandag in nuwe skrifgeleerdes en geestelikes wat Jesus sien as 'n mens wie 'n voorbeeld is van selfloosheid, opofferende medemenslikheid en liefdevolheid. In hulle pseudo-wetenskaplikheid het Jesus nooit sy eie dood of opstanding gewil, bedoel, beplan of uitgevoer nie. Dit is volgens hulle stories van die dissipels om van Jesus 'n voorbeeld van die liefde van die wet van God te maak. Dit is stories wat nie werklik die bedoeling van die wet en profete was nie.

Dieselfde verraad speel af in die seremonies waarin geestelikes saam met Jesus sy lyding en opstanding deurleef. Hulle het met As-Woensdag begin waarin hulle die as van die palmtakke waarmee hulle seremonieel Jesus verlede jaar ontvang het met sy donkievaart in hulle lewe verwelkom het. Hierdie as het hulle op hulle koppe

Jesus het sy eie dood en opstanding alleen bedoel, beplan en uitgevoer omdat Hy as God die Christus is.

gevryf as teken van hulle boetedoening en berou oor hulle sonde. So het hulle die hele lydenstyd hulle ingeleef met berou, begrip, met deernis, met meegevoel en ondersteuning vir Jesus in sy lyding, en dood.

Met hierdie seremonies maak hulle van Jesus net 'n geestelike storie om net soos sy dissipels sy geestelike opvolgers te kan wees wat sy geestelike mag deel en op aarde verteenwoordig!

Dit terwyl Hy geen begrip, ondersteuning en meegevoel nodig gehad het om die mag te kry om God te wees wie self die Christus is nie. Hulle boetedoening en inlewing in Jesus se lyding as hulle groot voorbeeld vir selflose opofferende liefde, is presies net die liefde van die Joodse Raad en dissipels gewees, wat nie God as die Christus wou aanvaar soos Hy dit self bedoel, beplan en uitgevoer het nie.

13. Ons as gelowiges vind en ken 'n ander Christus in Paastyd: God wat self bedoel, beplan het om die Christus te wees, net Hy alleen, want net Hy alleen het Homself die Christus wat gesterf en uit die dood uit opgestaan het, gemaak, deur sy beskikkende mag as God self.

Ons na-aap nie God deur sy in sy lyding begripvolle, meelewende, ondersteunende en meelopers van sy lyding, dood en opstanding te wees nie. Jammer oor alles wat met Hom gebeur het. Hierdie meelewing vernietig alles wat Hy bedoel, beplan en uitgevoer het.

Ons leef in die onbegrip en verwondering van sy dissipels – ons glo God het self die Christus vir ons geword! Ons wil nie deel van sy geestelike mag word om sy selflose liefdevolheid en selfopoffering na te boots om met God se goddelike mag en krag vervul te word waarin ons Jesus herleef nie.

Ons herleef nie Jesus nie. Ons glo in God wie vandag vir ons die Christus is: Hy wat sy eie dood en opstanding bedoel, beplan en uitgevoer het, alleen, sonder enige nodigheid van meelewende, begripvolle ondersteuning. Ons glo Hy het die mag as God geskep om self vir ons die Christus te wees.